

Sondag 27 September 2020

Votum

Op berge en in dale, en oral is my God
Waar ons ook telke male mag swerwe, daar is God.
Waar ons gedagtes swewe of styg, ook daar is God.
Omlaag en hoog verhewe, ja, oral is my God!
Sy troue Vaderoë sien alles van naby.

Skriflesing: 1 Konings 18 en 19

Tema: Die fyn lyn tussen die bergpiek en die diep dal

Ek onthou nog hoe die hele SA in 2016 saam met **Wayde van Niekerk en tannie San** die goue medalje en die Rio-wêreldrekord in die 400m gevier het.

- Michael Johnson se rekord van 43,18 het hy verbeter na 'n blitsige 43.03.
- Hy het op die golf van roem en erkenning gery.
- 'n Paar maande later, in Oktober 2017, neem hy deel aan 'n vriendskaplike "touch rugby" geleentheid op Nuweland – en alles kom tot stilstand.
- Eers maar onlangs het hy sy terugkeer na die internasionale area gemaak. Meer as vier jaar na Rio.

Soms is die grens tussen glorie en nederlaag baie naby aan mekaar.

- In Elia se lewe was dit ook so.
- Ons leer van sy ervaring op die berg Karmel as deel van ons reeks verhale oor berge.

In Elia se tyd het Israel se ryk het geskeur en in twee dele verdeel:

- **Juda** in suide en
- **Agab** word koning in **Israel** (in noorde). Ons lees (hoofstuk 17) dat "hy gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here – meer as al sy voorgangers". Hy bou voort op die sondes van Jerobeam (koning voor hom) en trou boonop met **Isebel**, dogter van die Sidoniërs wat die Baalgodsdiens aangehang het.
- Hy het 'n altaar vir Baal laat oprig en 'n Baal-tempel in Samaria gebou. Hy was nie goeie nuus vir die Joodse godsdiens nie

Elia word geroep om teen hom op te tree en kondig 'n paar jaar se droogte in die naam van die Here aan. Dit maak hom nie baie gewild nie.

Hy gaan versteek hom in die Kritspruit

- hy is bang vir sy lewe en ervaar hoe die kraaie vir hom sorg.
- Die verhaal in hoofstuk 17 neem hom verder en hy gaan bly uiteindelik in **Sarfat** by die vrou met die siek seuntjie.
- Die meel in die kruik wat nie opgeraak het nie en die seuntjie wat uiteindelik genees is, is welbekend.

In hoofstuk 18 lees ons hoe hy uiteindelik na drie jaar deur die bemiddeling van **Obadja** ('n gelowige Jood en die paleisamptenaar van Agab) by Agab uitkom. Deur bemiddeling van Obadja daag Elia die Baal profete uit om te bid vir reën op die berg Karmel. Daar vind – kan ons sê – die armdrukkery plaas.

- **450 Baal profete** en **400 profete van Asarja** kom bymekaar op die berg Karmel.
- **Die bul word** geoffer en op die houtstapel neergelê. Ons kan byna sê: die slagorde vir die uitdaging is opgestel.
- Die Baalprofete het tot hul god geroep ... Harder geroep en harder geroep – maar met min reaksie. Dei vuur kom nie uit die hemel nie...
- Elia het die **brandoffer drie keer laat** natgooi en hy bid – lees vers 37
"Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here, God is..."

- Ons lees dat die vuur van die Here gekom het, die offer het vlam gevat en die **hele volk het uitgeroep** “Die Here is God”. Al die Baalprofete is doodgemaak – ‘n redelike wrede storie, een wat ons in vandag se kulturele konteks moeilik kan verantwoord as aanvaarbaar.
- Elia is op die **hoogtepunt, op die kruin van die golf**.
- Ons lees in **vers 46**: “Die mag van die Here het vir Elia in besit geneem, en hy het sy mantel opgebind en voor Agab se wa uit gehardloop tot waar die pad uitdraai na Jisreël toe.”

In die volgende hoofstukke is daar dan moeilikheid. Isebel – die koningin is op sy spoor.

Ons lees in 18:2-4 “Toe het Isebel 'n boodskapper na Elia toe gestuur om vir hom te sê: “Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie.” Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat.

Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: “Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie.”

Hier sien ons hoe hy hom in wanhoop, vrees en angs onder die besembos bevind.

Dit verstom my altyd dat Elia, wat die **dapperheid self** in 1 Konings 18 is, net in die volgende hoofstuk (19) skielik twee dagreise tussen hom en Isebel wou inkry.

- Asof dit nie genoeg was nie, **vlug hy** nog 'n verdere 40 dae en 40 nagte. Die koningin het haarself immers presies 24 uur gegee om haar belofte na te kom dat Elia sou sterf.
- Hoe is dit moontlik! **Een oomblik die sterk en dinamiese profet** en die volgende oomblik **pateties met selfdoodgedagtes en hy kruipe verskrompeld onder 'n boompie weg ...**

Die storie is oorvertel en ons het net die breë lyne

- **In hoofstuk 18** op die **Karmelberg**. God wat oorwin. Die God van Israel wat beheer het oor die natuurmagte. Ons het as kinders die liedjies geleer: “My God is so groot en so magtig, daar is niks wat my God nie kan doen!”
Ons hou van so 'n God. Ons hou van so 'n lewe! 'n God wat die oorwinning gee, wat my help om die eksamen deur te kom, die reën gee, verantwoordelik is vir die sukses in my sakeonderneming, dit met my kinders laat goed gaan, my laat vorder in my beroep, my 'n gelukkige gesin en familie gee, 'n lekker gemeente om in te werk en mense wat vir my lief is. Maar kyk hoe vinnig kan dinge draai ...
- Ons kan **onsself herken egter**, miskien eerder in die angsbevange, onsekere, wantrouige Elia.
- **Sukses is indrukwekkend**, maar hoofstuk **19 is ons skadukant**.
- Ons hou van hoofstuk-18-mense, leiers, vriende, vennote, gemeentes, maar wie wil leiers met voete van klei hê ...?

Die koningskrywer beeld Elia se **hoofstuk 18**-God as die **Suksesvolle** aan.

Die Een in beheer van die skepping en al die natuurmagte. Dis maklik om in so 'n God te glo.

Maar in hoofstuk 19 is dit iemand wat **swaarkry, wat sukkel, wat bang is, een vir wie dit nie uitwerk nie, wat aan die ontvangkant van 'n bose en venynige koningin is**.

- 'n Gewone man wat besef dat God nie ontdek of noodwendig gesien word net in die sterk wind, aardbewing, of die vuur (van hoofstuk 18) nie, maar ook in die onsekerheid – in die stilte van die sagte geruis van die wind ...

Ons sien in hierdie verhaal, soos ons ook in ons eie lewens dit ervaar: die eenvoudige realiteit is dat die **bergpieke ook sy dale** het. Ja, die bergpieke – die besondere, uitnemende ervarings met God, maar ook van die gewone alledaagse gemaklike lewe, die goeie tye is soms 'n **breukdeel verwyder** van die dale. Dit het Elia ondervind.

Hierdie teenstelling, maar ook noue, onafskeidbare verbintenis aan mekaar, word mooi illustreer deur die **geweldig inspanning van 'n gewigopteller**.

- Die uiterste inspanning van energie en kragte, elke aar en spier in die hoogste spanning en konsentrasie – uiterste adrenalienvlak – tot dan
- Die ekstase, ontspanning, uitbundigheid

Hoe beleef elkeen van ons dit nie

- Ek was die afgelope week by **Jan Franse**, 'n bekende lidmaat by ons. Een van ons getroue manne wat gedurende die erediens ook sekuriteitsdiens doen. In Covid-tyd sit hy rustig aan tafel en die volgende oomblik word hy na 'n beroerte in die hospitaal wakker. Hy loop moeilik en moet sy lewe nou inrig met swak hand en been wat nie wil saamwerk nie.
- Hoe vinnig kan 'n ongeluk, 'n sakebesluit, rampe of storms, ons lewens nie verander nie.
- Ek het dit so baie al beleef met mense naby aan my – moontlik kyk jy nou! Maar nie net in die dramatiese nie. Ook in die alledaagse.

Socrates het dit so mooi gesê: die plesier en pyn wat selfs net 'n armlengte van mekaar lê:

“How singular is a thing called pleasure

and how curiously related to pain

Which might be thought to be the opposite of it

for they come to a man together ...

They are two, and yet they grow together out of one head or stem ...”

Hulle is twee, **maar groei uit dieselfde stam** ... dit is twee teenoorgestelde sinonieme, skryf iemand.

Elia, met Karmel nog vars in sy geheue, sit onder die besembos. Al sy prestasies, goeie dae, ywer vir die Here – dit help nie veel nie en verdwyn as't ware in die dryfsand:

Vers 14: Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring.”

Dan moet hy in **hoofstuk 19** hoor: Die Here in die stilte van die sagte wind

- Ps 23 praat ook daarvan – van die **groen weivelde** en ook die **dal van die doodskaduwee**
- Die Here is in elkeen. **Nie méér** op Karmel as onder die besembos nie.
- Daarom is die Here in die besonder ook in die STILTE. In die leegte, onverstaanbare, sinloosheid, donkerte, dooiepunt, uitsigloosheid. Dit is moeilik vir ons om dit te verstaan.

Wilhelm Jordaan skryf onlangs in 'n rubriek baie mooi oor om God te beleef daar onder die besembos, tydens die val:

- Hy vertel oor die onderskrif by 'n foto (in sy vrou wat sowat 'n maand gelede oorlede is se plakboek) van 'n man wat uit die brandende World Trade Centre gespring het: Sy naam was “Norbeto”
- In die beriggie 'n skamele biografie: Norberto Hernandez, 42 jaar oud en boorling van Puerto Rico. 'n Groot stil man wat net gepraat het as mense eerste met hom praat: 1,85m lank en 92kg.; met 'n bokbaardjie en groot hande waarmee hy fyngebak gemaak het in die restaurant op die 107de verdieping
- Van hom het sy broer Tino gesê: Hy was 'n nederige mens – so betroubaar dat sy bynaam “Bybel” was.
- Die fotograaf Richard Drew het gesê: “Ek het nie sy *dood* afgeneem nie, dit was deel van sy lewe.”
- Jordaan vertel dat hy oor en oor na die foto gekyk het asof die kyk sin gee aan die sinloosheid van daardie dag.
- Hy sê Norberto het *gespring met eerbied vir die lewe. Hy val nie met drama nie, maar met vertroue en presisie. Met die knieë effens gebuig en die arms gestrek teen sy lyf. In sy laaste sekondes is hy waardig in die volmaakte simmetrie van lewe en sterwe.*

Hy skryf toe by die foto:

Sy naam was Norberto

Met bynaam Bybel
Prominent in die koerant geplaas
Vertikaal
Met die beeltenis van hoe stil
Hy loodreg val
In die swaartekrag van God;
Hoe rustig is sy tuimel
Grond toe
Finaal
Na God toe

Ten slotte: **Leonard Cohen** sing in sy lied "Anthem" hoe ons die klokke moet laat lui – ten spyte van ons onvolmaaktheid. Ons kan onself vrystel van die las van wat hy noem 'n "perfect offering". Die realiteit dat in elkeen (ja, óók die sogenaamde volmaakte pot/mens) daar krake is ... Soms is dit juis die "heel" pot wat, wanneer van naderby bekyk, die krake het. En daar skyn die lig deur:

"There is a crack in everything
That is how the light gets in"

Daar kom krake in elke persoon se lewe, huwelik, huisgesin, familiekring, kerkomgewing. Laat die Here se lig daardeur kom. Miskien eerder – dit is hoe die lig inkom en ons help om waardig te val.

Die klokke wat ons lui, is nie net op die bergtoppe en -pieke van oorfloed, gemaklikheid en voorspoed, as dit goed gaan, nie – dan is die ervaring dat die Here teenwoordig is, duidelik ... maar dit is juis ook in die krake, seer en pyn. Die dale van die lewe. Op 'n vreemde manier is God op 'n besondere manier ook daar, in ons val, in die onverstaanbaarheid, in die uitsigloosheid – daar kom die moontlikheid van God se genade dan deur. Die genade wat hy aan Elia gegee het om hom te hoor – die skrefie van die lig wat in die sagte ruiseling van die wind gekom het. Die skrefie lig wat maak dat ek met grasia kan val – al is dit na my dood toe!

Anthem **Leonard Cohen**

The birds they sang
At the break of day
Start again
I heard them say
Don't dwell on what
Has passed away
Or what is yet to be
Yeah the wars they will
Be fought again
The holy dove
She will be caught again
Bought and sold
And bought again
The dove is never free

Ring the bells (ring the bells) that still can ring
Forget your perfect offering
There is a crack in everything (there is a crack in everything)
That's how the light gets in

We asked for signs
The signs were sent
The birth betrayed
The marriage spent
Yeah the widowhood
Of every government
Signs for all to see

I can't run no more
With that lawless crowd

While the killers in high places
Say their prayers out loud
But they've summoned, they've summoned up
A thundercloud
And they're going to hear from me

Ring the bells (ring the bells) that still can ring

Forget your perfect offering
There is a crack in everything (there is a crack in everything)
That's how the light gets in ...